Betalingsbeleid

Tydperk	Voorkeur betaalbaar – Eenmalige fooi (Nie terug betaalbaar nie)	Besprekings open	Deposito 1	Deposito 2	Finale betaling
Normale buite seisoen besprekings	Geen voorkeur vir buite seisoen besprekings nie	NVT	35% Binne 7 dae / 100% indien aankoms binne 14 dae plaasvind	NVT	14 Dae voor aankoms
Groepe en konferensies			20% binne 7 dae van bespreking		Finale getalle en balans 14 dae voor aankoms
Skole			R3500.00 Binne 14 dae van bespreking		Finale getalle en balans 14 dae voor aankoms
Desember (Besoeker op die oord)	5 Dae vanaf u oorspronklike aankoms datum soos per faktuur.	NVT	35% teen 28 Feb	35% teen 30 Junie	14 Dae voor aankoms
Desember (Lede nie op die oord)	5 Dae na bloktyd aankomsdatum		35% binne 7 dae van bespreking	35% teen 30 Junie	14 Dae voor aankoms
Desember Nie-lede nie op die oord nie	NVT	1 Maart	35% binne 7 dae van bespreking.	35% teen 31 Okt	14 Dae voor aankoms

Desember - Voorkeurprosedure;

- Persone wat huidiglik bespreek is, sal geregtig wees om ‘n voorkeurbespreking tov dieselfde staanplek/chalet te maak vir die ooreenstemmende bloktydperk op die daaropvolgende jaar. Die bespreking moet op dieselfde persoon se naam/inligting wat huidiglik bespreek is wees.
- Geen bespreking kan namens ‘n ander party gemaak word nie.
- Binne 5 dae na aankoms van u oorspronklike besprekingsdatum, moet die voorkeurvorm ingehandig word by die kantoor en betaal word.
- Besoekers op die oord kan op dag 6 aansoek dan vir verskuiwings na ander staanplekke/chalets tot 28 Feb.
- Lede op die oord kan op dag 6 aansoek doen vir die volgende jaar.
- Nie-lede nie op die oord kan bespreek vanaf 1 Maart
- Voorkeuraansoeke kan nie oorgedra word na die volgende jaar indien die bespreking nie realiseer om welke rede nie.
- Betalings van besprekings wat gekanselleer/gewysig word kan slegs oorgedra word na ‘n volgende periode, mits die periode binne dieselfde finansiële jaar val en met skiftelik toestemming.

2023 Voorkeurfooie soos volg: (Aansoekvorms is in die kantoor beskikbaar)

- Kampering is R400.00 vir 2 Weke en R620.00 vir 4 Weke.
- Chalets is R400.00 vir die 1st week, R620.00 vir 2 weke, R730.00 vir 3 weke.
- Geen voorkeurfooie word terugbetaal nie.
- Neem kennis dat geen bespreking oorgedra mag word aan vriende of familie nie.

Normale besprekings

- Slegs een bespreking word toegelaat per huisgesin. Sou u meer as een staanplek/chalet bespreek moet die persoon wat die spesifieke staanplek/chalet gaan beset 'n afsonderlike aansoekvorm voltooi.
- Promosies: Alle beprekings wat voor 'n promosie bespreek is, word nie verander na die promosietarief nie.

- Geen bespreking sal oorgedra word in 'n ander finansiele jaar nie.
- **Skryf van 'n bespreking werk soos volg**:
  Die bespreking word gekanselleer volgens ons kansellasiebeleid en die administrasie fooi van R90.00 word ook afgetrek.
  'n Nuwe bespreking sal gemaak word en 'n nuwe administrasie fooi van R90.00 sal gehef word.
- Neem kennis dat geen bespreking oorgedra mag word aan vriende of familie nie.

Kansellasiebeleid

- 'n Kansellasiefooi van 20% insluitende die administrasie fooi sal verhaal word van die deposito reeds ontvang indien die bespreking gekanselleer word voor 1 maand van aankomsdatum.
- 'n Kansellasiefooi van 100% sal verbeur word van die aanvanklike depositobedrag indien minder as 1 maand voor aankoms gekanselleer word.
- Indien die depositobeleid nie nagekom word nie, sal die bespreking sonder enige kennisgewing gekanselleer word en voorkeurbesprekings sal 100% verbeur word.
- Buitengewone gevalle soos in die geval van dood of ernstige siekte, moet 'n skiftelik versoek ingedien word.
- Indien die depositobeleid nie streng nagekom word nie, sal alle voordele verbonde aan die voorkeurbesprekingsbeleid verbeur word, en sal voorkeurbesprekings vir die volgende jaar nie toegestaan word nie.
- Depositos mag nie afbetaal word nie. Indien die betaaldatums nie nagekom word nie, sal die bespreking gekanselleer word.

Rustende Lede

Hiermee die voorwaardes vir rustende lede;

- Die voordele gekoppel aan Rustende lidmaatskap, is deur die NUR gewysig en word hierby ingesluit.
- Om egter te aanvaar dat die tipe voordele vir ewig onveranderbaar is, is nie realisties nie

Die gewysigde voordele is as volg:

1. Dat pensioenarisse as volg gedefinieër word:
a. Ten minste 5 jaar ononderbroke lidmaatskap op datum van laaste aktiewe lidmaatskap, dws maandelikse ledegeldbydraes gedurende die voorafgaande 60 maande, en
b. die aftrede as 'n bona fide aftrede met pensioen geag word.
2. Dat ons lewenslange lidmaatskap vir pensioenarisse aanbied.
3. Dat die koste gratis is.
4. Dat hulle die volgende voordele ontvang:
a. Alle besprekings by TO Strand teen ledetarief, maar dat dit slegs in die buite-seisoentydperk geld en nie tydens die hoog-, piekseisoene nie. Die onderskeie direksies sal egter die aspek van tyd tot tyd verreken synde die SAOU geen direkte beheer oor die maatskappy uitoefen nie.

Gewysig: 9 Januarie 2023